PERSVRYSTELLING
VIR ONMIDDELLIKE PUBLIKASIE

6 Oktober 2011

PSG KONSULT LEWER GOEIE RESULTATE

PSG Konsult, die onafhanklike verskaffer van finansiële dienste, het in die ses maande tot einde Augustus vanjaar gewenste resultate behaal. Die wesensverdienste het met 'n stewige 14,1% van R55,3 miljoen tot R63,2 miljoen gestyg.

In pas hiermee het die wesensverdienste met dieselfde persentasie tot 5,9c per aandeel verstewig en die aangepaste wesensverdienste met 16% per aandeel, voor die uitwerking van amortisasie, tot 6,9c per aandeel. Die resultate is behaal op die rug van die omset, bestaande uit kommissie en ander bedryfsinkomste, wat met 16,5% tot R675,3 miljoen toegeneem het.

'n Tussentydse dividend van 3,0c per aandeel is verklaar teenoor die 2,8c per aandeel in die ooreenstemmende tydperk verlede jaar.

Willem Theron, uitvoerende hoof van PSG Konsult, het gesê dat die bestuur tevrede is met die maatskappy se resultate. Dit weerspieël duidelik die waarde van die groep se gediversifiseerde inkomste-stroom, bestaande uit finansiële beplanning, portefeulje- en batebestuursbedrywighede en korttermyn-versekering, asook sy fokus op die skep van volhoubare annuïteitsinkomste.

"Marktoestande in die eerste helfte van vanjaar is gekenmerk deur 'n matige verbetering in ekonomiese groei en stabiele rentekoerse. Ondanks dit, het algemene onsekerheid geheers met 'n geneigdheid om risiko te vermy. Dit was hoofsaaklik die gevolg van 'n verswakking in die Europese soewereine skuld-kwessie," het Theron gesê.

PSG Konsult se landwye kantoornetwerk het in die tydperk onder oorsig van 216 tot 222 kantore uitgebrei met die aantal finansiële beplanners, aandelemakelaars en portefeulje- en batebestuurders wat van 642 tot 674 toegeneem het.

Theron het gesê ná die inkorporasie van PSG Fund Management by PSG Konsult effektief vanaf 1 Maart vanjaar, bied die groep nou 'n nóg wyer reeks van finansiële dienste. Die samesmelting is verder aangevul met die verkryging van Equinox, 'n aanlyn effektetrust-verhandelsplatform, en Pleroma, 'n korttermyn-versekeringsmakelaar en administrateur, beide effektief vanaf 1 Mei 2011.

"Die groep se fokus is nou om die sinergieë tussen hierdie ondernemings te benut en nuwe geleenthede te ontwikkel. Dit sluit in die vereenvoudiging van organisasiestrukture, die vestiging van 'n enkele omvattende batebestuurshandelsmerk en die sentralisering van navorsing.

"Dit alles word gedoen om dienslewering aan kliënte nóg verder te verbeter," het Theron gesê.

PSG Konsult het intussen ’n omvattende bemarkingsveldtog van stapel gestuur om drie handelsmerke - PSG Konsult, PSG Asset Management en PSG Online - in die mark te vestig. Elke handelsmerk word as ’n onafhanklike entiteit binne sy eie teikenmark geposisioneer met die “PSG”-karakter as ’n assosiasie-koppeling tussen die drie handelsmerke.

Rakende die beleggingsomgewing, het Theron gesê dat internasionale onsekerhede tans baie wisselvalligheid op die aandelemarkte veroorsaak. In sulke omstandighede moet beleggers uiters omsigtig te werk gaan met beleggings en die fokus behoort op die langertermyn te wees en op aandele van ’n hoogstaande gehalte. Daar behoort ook vir ’n langer tydperk van aftrede voorsiening gemaak te word.

Einde

Uitgereik deur MediaVision namens PSG Konsult

Media navrae

Willem Theron
Uitvoerende hoof
PSG Konsult
Tel: (028) 316 4735
Sel: 082 557 2132
E-pos: willem@psgkonsult.co.za

Gerhard Cloete
MediaVision
Sel: 083 300 6850
E-pos: gerhard@mediavision.co.za